# DIE


# EENDJIENUUS

Uitgawe 19: 5 Junie 2026



**BELANGRIKE INLIGTING:**


| | |
|---|---|
| Datums | Bl. 3 |
| Eksamenrooster | Bl. 8 |
| Vadersdagverkope | Bl. 8 |



# Uit die kantoor

- Die o. 13A-netbalspan het verlede Vrydag 'n eerste plek en die o. 12-netbalspan'n tweede plek in die MMED-liga behaal. Veels geluk aan elke dogter, mev. Marida Myburgh (afrigter o. 13), mev. Celeste Viljoen (spanbestuurder), mev. Chandrine Jones (afrigter o. 12) en mev. Natasja Geyer (spanbestuurder) met die pragtige prestasies. Oranje is ongelooflik trots op julle!
- Die o. 12A- en o. 13 A-netbalspanne neem vandag aan die Vrystaat netbalkampioenskap in Welkom deel. Baie sterkte!
- Baie geluk aan die dogters wat aan die tweede ronde van die ATKV Redenaars deelgeneem het. Uitslae op bladsy 6. Oranje is baie trots op elkeen van julle.
- Baie geluk aan die dogters wat gekies is vir die Vrystaat netbalspanne wat in die vakansie aan die Suid-Afrikaanse netbalkampioenskap gaan deelneem. Oranje is trots op julle!
- Baie geluk aan die dogters wat mooi presteer het tydens die vierde landloopliga. Uitslae op bladsy 5. Vanmiddag is die laaste landloopliga vir die kwartaal. Baie sterkte!
- Die Duck Derby was 'n reusesukses. Baie dankie aan mnr. Beyers en mev. Isa Myburgh, mev. Theresa Grobbelaar, mev. Rochelle Coetzer en al die graad 7-leerderraad ouers vir julle moeite en harde werk om van die aand 'n sukses te maak.
- Op Maandag, 8 Junie, begin die eksamen vir graad 4, 5 en 7 en op Dinsdag, 9 Junie, vir graad 6.
  <u>Eksamenreëlings:</u>
  Dogters van gr. 1-7 mag van Maandag, 8 Junie, skoolsweetpakke aantrek en netjiese tekkies. Indien u dogter nie 'n skoolsweetpak het nie, moet sy skooldrag aantrek.

  Die skool kom vanaf Vrydag, 5 Junie, tot Donderdag, 25 Junie, om 12:00 uit vir gr. 1-7.

  Op Vrydag, 26 Junie, sluit die skool om 10:00.

  Indien u dogter siek is tydens die eksamen, moet 'n mediese sertifikaat by die registerjuffrou ingehandig word.

  Middagstudie gaan normaal voort tot Donderdag, 25 Junie.
- Volgende naweek is 'n langnaweek. Maandag, 15 Junie, is 'n skoolvakansiedag en Dinsdag, 16 Junie, is dit Jeugdag.

# BELANGRIK

| | |
|---|---|
| 5 Junie: | Pajama– en Pantoffeldag (Bring produkte)<br>Skool verdaag 12:00<br>Landloopliga 5<br>Netbal: Vrystaat Kampioenskap, Welkom |
| 8 Junie: | Eksamen |
| 9 Junie: | Voedselprojek Gr. 3B<br>Eksamen |
| 10 Junie: | Eksamen |
| 11 Junie: | Juf. Lelita verjaar (Preprimêr)<br>Voedselprojek Gr. 3C<br>Eksamen |
| 12 Junie: | Eksamen |
| 15 Junie: | Skoolvakansiedag |
| 16 Junie: | Jeugdag |
| 17 Junie: | Juf. Marzannne verjaar (Preprimêr)<br>Vadersdagverkope, Sportlokaal<br>Eksamen |
| 18 Junie: | Voedselprojek Gr. 2A<br>Vadersdagverkope, Sportlokaal<br>Eksamen |
| 19 Junie: | Vadersdagverkope, Sportlokaal<br>Eksamen |

# Netbal

MMED skole uitspeelwedstryde, 29 Mei:

Die o.13A- en o.12A-netbalspanne was die algehele wenners in hulle ouderdomsgroep na die liga wedstryde verby was. Die spanne van 1ste tot 4de plek moes sake toe uitspeel en die uitslae was as volg:

| | o.13 | Uitslae: | o.12 | Uitslae: |
|---|---|---|---|---|
| Rondte 1 | OMS vs PBS | Wen 20-17 | OMS vs WP | Wen 26-3 |
| Finaal | OMS vs FHP | Wen 24-11 | OMS vs OR | Verloor 13-23 |

Beide die o.12A- en o.13A-spanne het netbal van uitmuntende gehalte gespeel. Die dogters het karakter getoon in hul uithouvermoë en harde werk op die baan. Die o.13A span het as wenners uit die stryd getree en die goue medalje ontvang en die o.12A span die silwer medalje.

Beide die spanne speel Saterdag, 6 Junie in die Vrystaat skolekampioenskap by Welkom Gimnasium. Baie sterkte aan die dogters en hulle afrigters wat elke wedstryd met oorgawe en karakter weer sal speel.
Ons is trots op Oranje Primêr!






# Landloop

Veertig eendjies het deelgeneem aan die vierde Landloopliga wat by die Universiteit van die Vrystaat plaasgevind het. Daar was altesaam 741 deelnemers oor die verskillende ouderdomskategorieë. Die volgende leerders het 'n top 10-plek in hul onderskeie ouderdomsgroepe behaal:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Aligra Nel | Dogters onder 13 jaar, 3km | 4de | 13:40 |
| Zane Buys | Dogters onder 13 jaar, 3km | 9de | 15:45 |
| Z'ney Piechaczek | Dogters onder 12 jaar, 3km | 3de | 12:50 |
| Mine Zietsman | Dogters onder 12 jaar, 3km | 6de | 13:45 |
| Marle Verster | Dogters onder 12 jaar , 3km | 7de | 13:53 |
| Tene Venter | Dogters onder 12 jaar, 3km | 9de | 14:01 |
| Kaylin Blair | Dogters onder 12 jaar , 3km | 10de | 14:04 |
| Lenike van den Berg | Dogters onder 10 jaar, 2km | 2de | 8:24 |
| Miané Wessels | Dogters onder 10 jaar, 2km | 5de | 8:34 |
| Naomi Malan | Dogters onder 10 jaar, 2km | 8de | 9:21 |
| Lara Goosen | Dogters onder 10 jaar, 2km | 9de | 9:29 |
| Leah Venter | Dogters onder 9 jaar, 2km | 3de | 9,45 |
| Skye Futter | Dogters onder 9 jaar, 2km | 6de | 10,17 |
| Mienke Fouché | Dogters onder 8 jaar, 1km | 1ste | 4:53 |
| Ava Goosen | Dogters onder 8 jaar, 1km | 5de | 5:18 |
| Mailey Becker | Dogters onder 8 jaar, 1km | 6de | 5:19 |
| Debi van Biljon | Dogters onder 8 jaar, 1km | 10de | 5:29 |

# Sport

## ATKV Redenaars

Daar was 12 dogters wat op 22 Mei aan die ATKV Redenaars Semifinale ronde in Welkom deelgeneem het.

Baie geluk aan die volgende dogters wat onder die top 10 geëindig het, ons is baie trots op elkeen van julle!

Graad 1-3:

| | |
|---|---|
| Debi van Biljon | 3de |
| Mayah Holtzhausen | 4de |
| Lika Odendaal | 9de |

Graad 4-5:

| | |
|---|---|
| Louah Nel | 7de |

Graad 6-7:

| | |
|---|---|
| Jana Nel | 9de |

## Gimnastiek

Milan Botha het op Saterdag, 31 Mei, aan die Central Finity Gimnastiekklubkompetisie deelgeneem en die volgende prestasie behaal:

| | | |
|---|---|---|
| 9 – 10 jaar | Artisties, vlak 1 | 1ste |

# Algemeen

# Duck Derby

Die Duck Derby was 'n reuse-sukses. Baie dankie aan mevv. Isa Myburgh, Theresa Grobbelaar en graad 7 ouers vir al julle moeite en harde werk om van die aand 'n sukses te maak.
Almal het dit baie geniet!


















# Kloppers kompetisiewenners

Danksy die deelname van elke ouer wat die Kloppers-vraelys voltooi het, het Oranje die kompetisie gewen en ontvang Oranje Primêr 'n R5 000 geskenkbewys. Ons waardeer elke ouer wat die tyd geneem het om deel te neem, julle ondersteuning het die verskil gemaak. Dit bewys net weer dat die Oranje-familie saam groot dinge kan laat gebeur!

'n Spesiale dankie ook aan Kloppers vir hierdie wonderlike inisiatief. Ons sien uit daarna om die geskenkbewys by julle te bestee.








| | Junie 2026 | | | | | J |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Di** | **Wo** | **Do** | **Vry** | **Sa** | **So** |
| 1 | **2** | **3** | 4<br>**Duck Derby** | 5<br>Skool verdaag 12:00<br>Vrystaat Netbal, Welkom | **6** | 7 |
| 8<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 4 SW Gesk.**<br>**Gr. 5 NWT**<br>**Gr. 7 NW** | **9**<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 4 Afrikaans**<br>**Gr. 5 Afrikaans**<br>**Gr. 6 Afrikaans.**<br>**Gr. 7 Afrikaans** | **10**<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 4 NWT.**<br>**Gr. 5 SW Gesk.**<br>**Gr. 6 SW Gesk**<br>**Gr. 7 SW Gesk.** | **11**<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 4 Engels**<br>**Gr. 5 Wiskunde**<br>**Gr. 6 Engels**<br>**Gr. 7 Wiskunde** | **12**<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 4 Wiskunde**<br>**Gr. 5 SW Aard.**<br>**Gr. 6 Wiskunde.**<br>**Gr. 7 SW Aard.** | **13** | **14** |
| 15<br>Skoolvakansiedag | **16**<br>Jeugdag | 17<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 4 SW Aard.**<br>**Gr. 5 Engels**<br>**Gr. 6 NWT**<br>**Gr. 7 LO-prakties** | 18<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 4 LV**<br>**Gr. 6 LV**<br>Gr. 7 SK | **19**<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 5 LV.**<br>**Gr. 6 SW Aard.**<br>Gr. 7 Engels | **20** | **21**<br>Vadersdag |
| **22**<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 7 EBW** | **23**<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 7 LO** | **24**<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 7 Tegnologie** | **25** | **26**<br>**Skool sluit 10:00** | **27** | **28** |



# Gedagte vir die week

## Jy is kosbaar

Dit is maklik om aan 'n minderwaardigheidskompleks te ly as jy jouself bly vergelyk met ander wat mooier, maerder en talentvoller as jy is.
In die proses vergeet jy maklik hoe hoog God jou aanslaan.
Hy sê self dat Hy jou baie liefhet, dat Hy jou hoog ag, dat Hy jou na Sy beeld gemaak het en dat Hy jou naam ken.
Wanneer dit vir jou voel of niemand jou waardeer nie,
onthou dan dat jy vir God oneindig kosbaar is.

"As jy deur God se oë na jouself kyk, sal jy vir altyd van jou minderwaardigheidskompleks ontslae kan raak." (Anoniem)

Veilig in God se liefde deur Nina Smit

## Lief en leed

Ons dink aan Catie Botha en haar familie met die afsterwe van haar oupa. Mag al die mooi herinneringe saam met hom julle troos in die moeilike dae.

## Lief en leed

Ons dink aan juffrou Anita en haar familie met die afsterwe van haar ma. Mag julle vertroos word en mag al die spesiale tye saam met haar julle dra deur al die moeilike dae!

## Lief en leed

Baie welkom aan juffrou Wil-lise Pretorius wat aangestel is as die nuwe graad 2 middagstudie toesigkrag.



Welgewind Vleis

Karoo Lam: R140p/kg: Gesaag en Vakuum verpak

Free range hoender: R80p/kg:( ‘n Boks van rondom 14kg. Bestaan uit 2 heel hoenders, 3 pakke 4 by 4 boudjies en duitjies, 2 pakke vlerkies, 3 pakke fillets, 2 pakke filletstrips en ‘n pakkie lewertjies)

Lam braaiboks: R170p/kg: Weeg rondom 12kg. Halwe lam waarvan die boude in kerriesosaties gemaak is en die blad in kerrietjops. Asook 3 pakkies braaiwors.

Wildswors: Kudu: R1250 vir 10kg
Wildsmince: Kudu:R1250 vir 12kg
Wildsrugstring: R1250 vir 10kg
Kudu Biltong: R1800 vir 6kg
Biltong wiele: R1800 vir 6kg
Beefboks: R1400 Bees: 4kg wors, 4kg mince, 4 pakkies patties van 4

**Tinkie Naude 0846575792**
**welgewind@gmail.com**

# Advertensies